SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER. KOPIEREG VOORBEHOU. TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM

# GR 11 TOERISME

## KWARTAAL 1 OPSOMMENDE NOTAS

## GAUTRAIN



GAUTRAIN

FOR PEOPLE ON THE MOVE

Die jongste tegnologie hoëspoedspoorwegstelsel in Gauteng




## DRIE HOOFSTASIES:

- JHB
- PTA
- OR Tambo Internasionale Lughawe

**Daar is nog ander 7 stasies:**

- Rosebank
- Sandton
- Marlboro
- Rhodesfield
- Hatfield
- Midrand
- Centurion

SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER. KOPIEREG VOORBEHOU. TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM

Die gautrain bied internasionale standaard publieke vervoer met hoë vlakke van: veiligheid, betroubaarheid, voorspelbaarheid & gerief.

Dit reis teen 'n baie hoë spoed tussen stede: Tans is die maksimum spoed 160km/uur

Sluit ook 'n toegewyde busdiens in om passasiers na en van die stasies te vervoer en het ook uitgebreide parkeerfasiliteite

Die Gautrain bied 'n luukse reiservaring wat met die beste in die wêreld vergelyk kan word.




## Buitevoorkoms

Elke trein bestaan uit 'n treinstel van vier waens met ontwerperskenmerke vir veiligheid en gerief wat die volgende insluit:

- Lugkussingvere wat verseker dat dit egalig en glad reis
- Die buitekant van die trein is vaartbelyn met deure en vensters wat dig en glad sëel om windgeraas te verminder
- Verbindingsdeure gebruik dubbele oopmaakdeure om geraas te verminder
- Die ontwerp gebruik impaktegnologie wat strook met moderne veiligheidsrëels
- Die treinwaens is grotendeels van aluminium gemaak wat veroorsaak dat die massa minder is en gevolg ook energieverbruik verlaag.
- Indien daar nog sitplekkapasiteit benodig word, kan twee-vierwaenstreine nog aangehaak word.

# Binneversiering

- Elke vierwaenstrein kan 321 passasiers vervoer wat sit en 138 wat staan
- Lugverkoelling.
- Sitplekke is oorgetrek met 'n luukse, sagte geweefde materiaal wat duursaam is en maklik skoonmaak.
- Matte op die vloere.
- Groot vensters wat nie die uitsig belemmer nie.
- Voorsiening vir gestremdes met rolstoelvriendelike sitplekke.



Die hoogte en die gaping tussen die perron en die treinvloer is ook ontwerp vir maklike rolstoeltoegang.



Passasiersinligtingsborde verskaf aan passasiers inligting in 'n paar amptelike Suid-Afrikaanse tale, insluitend die bestemming van die trein en die aankomstye by die volgende stasies. (Help ook reisigers wat gehoorgestremd is – hulle kan dus gemaklik met die trein reis omdat die inligtingsborde alle belangrike inligting aandui)

Die lengte van die spoornetwerk wat die Gautrain ry is 80km

Hoogste spoed is 160km/uur

Die stelsel is ontwikkel om opeenhoping op die hoofpaaie in Gauteng te probeer verlig, veral tussen JHB en PTA.




# SEKURITEIT





- Toegang tot die stasies en die treine word beheer deur 'n streng sekuriteitsmoniteringstelsel.
- Geslote kringtelevisies monitor verdagte aktiwiteite en slegs kaartjiehouers het toegang tot die peronne.
- Veiligheidsbeamptes patrolleer die stasies.
- Veiligheid word op die treine gewaarborg deur 'n outomatiese treinbeskermingstelsel.
- Die treinbestuurder het volle beheer oor die trein.
- Indien daar iets met die treinbestuurder gebeur en veroorsaak dat hy nie meer langer kan bestuur of beheer het nie, tree 'n stelsel in werking om die trein veilig tot stilstand te bring.

SAAMGESTEL DEUR ME. A. JONKER. KOPIEREG VOORBEHOU. TOERISMENOTABOEK@GMAIL.COM


# ROETES

- Spoornetwerk met twee hoofroetes
- Noord na suid (JHB na PTA)
- Wes na oos (Sandton na OR Tambo)
- Die trein stop by tussenpunte op die roetes .




# KAARTJIEPROSEDURES

- Sluit 'n busstelsel in.
- Die parkering, busdiens en treine is als gekoppel.
- Toegang tot die parkeer-, bus- en treinstelsel word verkry deur 'n kontaklose slimkaart, genaamd 'Gold Card'.
- Dit beteken dat die maatskappy 'n kaart op 'n swartlys kan plaas indien dit gesteel is en enige ongebruikte waarde kan oordra na 'n nuwe Gold Card.
- Die Gold Card maak dit vir die reisiger makliker tussen die Gautrain se trein-, bus- en parkeerdienste te wissel.
- Geregistreerde Gold Card kan by enige stasie by een van die selfhelpkaartjie-outomate of by 'n bemande kaartjiekantoor gekoop word.
- Gold Cards kan ook by uitgesoekte kleinhandelaars gekoop word.




# BUSDIENS

- Word op 25 verskillende roetes bedryf
- Het 'n busbevestiger: jy moet met jou Gold Card aan die bevestiger raak om die bus te kan haal. Dit sal die kaart bevestig en die passasier op die bus toelaat
- Minimum balans van R20 is nodig om op die bus toegelaat te word.



# ELEKTRONIESE INSTAPPROSEDURES

- Jy moet jou kaart op die elektroniese kaartleser skandeer om 'n trein te kan haal.
- Indien die kaart suksesvol geskandeer is, sal die toegangshek oop en toe maak om slegs een persoon deur te laat.
- Jy herhaal die prosedure aan die einde van elke reis om weer die stasie buite te gaan




# ELEKTRONIESE AANKOMS- EN VERTREKAANKONDIGINGS

- Terwyl jy op die Gautrain reis, kry passasiers deurlopend inligting wat op elektroniese panele vertoon word in die treinwa.
- Bestemming van die trein
- Waar die volgende stasie is
- Treinbestuurders kan ook aankondigings oor die luidsprekerstelsel maak.

Om toegang tot die parkeerarea te verkry, raak reisigers met hul kaart aan die kaartleser by die parkeertoegangshek.

Indien jy nie 'n kaart het nie, druk jy net 'n knoppie om 'n kaart te kry.

Skandeer weer jou kaart by die parkering se hek om daar uit te kom

## VOORDELE VIR DIE TOERISME-INDUSTRIE

- Skep duisende werksgeleenthede
- Spaar miljoene rande in terme van padongelukke
- Besparing van tydkoste a.g.v verkeersophopings
- Vermindering van lugbesoedeling
- Bevorder en verbeter SA se vervoerstelsel
- Positiewe impak op toerisme en besigheid in Gauteng
- Nou kan Gauteng met die groot ekonomiese stede in die wêreld kompeteer
- Toeriste kan nou makliker aantreklikhede bereik




**Unauthorised Distribution Disclaimer**

Unless otherwise noted, the contents of this documents (worksheet) and the entire attachments, including all text, graphics, icons, hyperlinks, designs, visual material and the arrangement and layout thereof remains the sole property of the author (Me. A Jonker) thereof, and all rights are reserved. Reproduction, distribution without the consent of the author or copying of any material from this study material, in any form whatsoever will constitute a copyright infringement and will result in civil and criminal law penalties. All rights not expressly granted are reserved.

A. Jonker